


***Uit die hoof se kantoor;***

***22 Julie 2026***

Geagte Ouer / Voog en Gemeenskap

Baie welkom terug by ` n baie besige kwartaal. Mag ons tema vir die kwartaal uitgeleef word. Ons tema, vergifnis, ondersteuning en uitreik na ons medemens. Met ons opening het ons aan leerders verwys na twee engelse woorde.

JIM: JESUS IN ME

COFFEE: Christ Offers Forgiveness For Everyone Everywhere.

Mag ons vergewe, foute erken en nuwe begin ervaar. Mag die laaste deel van 2026 vir elkeen net mooi en opregtheid inhou en mag ons mekaar se laste dra. Mag ons mekaar in gebed dra, ons skool en gemeenskap.

Akademie: Ons rapporte is met ongelooflike hulp en deursettingsvermoë betyds uit en elke ouer is genooi waar ons graag punte wou bespreek. As u nie afspraak kon nakom nie, vra ons dringende besoek om saam te kyk hoe ons leerders kan help. Ander navrae mag met afspraak gemaaak word. Sterkte met take en projekte in kwartaal 3.

Kultuur: Redenaars, spanredenaars, PomPoms en Debat en dan nog in Engels. Ons beste wense en ook dank vergesel elke afrigter en deelnemer. Ons weet julle kan, gaan uit en wys hoe ongelooflik julle is.

Sport: Ons leerders was weereens bevoorreg om te kon toer en ons weet julle is as ` n hegte eenheid saam gesnoer en reg vir die liga. Ons ander sporte wat so in stilte oefen en regmaak vir liga, tennis, landloop en  mini-sporte ons hou julle dop en weet julle gaan verras. Geluk aan ons provinsiale deelnemers by hokkie en rugby. Geluk aan ons PomPoms wat verras het by ons eerste nasionale deelname. Ons is so trots op julle.

Maatskaplik: Ons is dankbaar vir elkeen wat ons ondersteun en ons projekte wat soms in stilligheid gebeur. Broodjies, kospakkies, dogters wat pakkies ontvang en ons uitreik na Huis Dien Bothma. Ons waardeer u ongelooflike ondersteuning.

Sosiaal: Ons leiergroep beplan ` n "Barn Yard aand" en ons vra ook hier u ondersteuning en om saam ` n aand van ontspanning te kom geniet. 29 Augustus 2026.

Fondse: Ouers ek vra hulp assseblief met uitstaande fooie / skoolfonds. Bly asseblief op datum met betalings of soos ooreengekom met reëlings. Ons kan nie funksioneer sonder fondse nie.

Kwartaalprogram: Op D6 kommunikeerder. Asseblief vergewis u van ons program.

Borge:

Ons dank aan elke borg wat ons leerders ondersteun het met toer en klere, sonder julle sal ons nie uitstaan soos ons doen op elke geleentheid nie.

Ek dra die kwartaal op aan ons God en glo ons sal genoeg nuwe graad R en Graad 1 leerders inskryf om ons taal en godsdiens te kan bly uitleef.

Ek is tot als instaat deur God wat my die krag gee.

C Blignaut

Hoof